# Oop Toegang-beleid

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 2P_2.13.1 |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Adjunk-visekanselier: Navorsing en Innovasie |
| **Beleideienaar** | Hoofdirekteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste |
| **Verantwoordelike afdeling** | Biblioteek- en Inligtingsdienste |
| **Status** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 23 June 2022 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | November 2027 |

*Biblioteek- en Inligtingsdienste*

# OOP TOEGANG-BELEID

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om ŉ internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ŉ sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie Oop Toegang-beleid aanvaar om voorsiening vir openbare toegang tot NWU-navorsingsuitsette te reguleer.

## 1 Begripsomskrywings

In hierdie beleid –

beteken **"administratiewe rekords"** rekords en dokumente wat tydens universiteitsadministrasieprosesse gebruik word, met inbegrip van finansiële rekords, studenteaansoeke en aanvaardingsrekords;

verwys **"outeur"** na ŉ werknemer of student wat die skepper van ŉ oorspronklike wetenskaplike publikasie is;

verwys **"Boloka"** na die NWU se Institusionele Bewaarplek;

is **"creative commons-vergunning"** die verlening van toegang deur die outeur aan die publiek (of ŉ segment van die publiek) om gedeeltes van werk wat andersins deur kopiereg beskerm word te gebruik sonder om eers toestemming van die outeur te verkry, onderhewig aan riglyne oor oop toegang wat deur BID verskaf word op ŉ algemeen toeganklike wyse;

verwys **"EPV"** na Elektroniese Proefskrifte en Verhandelings;

verwys **"finale manuskrip / finale weergawe van die artikel",** meer algemeen bekend as "Outeur-aanvaarde Manuskrip", na die laaste weergawe wat deur die outeur aan die uitgewer voorgelê is, insluitende die wysigings wat gemaak is ná eweknieheresiening;

verwys **"goue oop toegang"** (ook bekend as ŉ "goue" roete na oop toegang) na publikasie in ŉ ooptoegang-toernaal;

verwys **"groen oop toegang"** (ook bekend as "groen" roete na oop toegang) na die argivering van die finale manuskrip in Boloka van ŉ publikasie wat in ŉ subskripsiejoernaal verskyn;

verwys **"institusionele bewaarplek"** na ŉ aanlyn argief wat die navorsingsuitset van ŉ organisasie of instansie stoor, vertoon en bewaar;

verwys **"BID"** na die Biblioteek- en Inligtingsdiens;

verwys **"OOH"** na die Oop Opvoedkundige Hulpbronne – onderrig, leer en navorsingsmateriaal in enige medium in die openbare domein;

beteken **"oop toegang (OT)"** die aanlyn openbare beskikbaarheid van eweknie-geëvalueerde navorsingsliteratuur wat vry is van kommersiële en tegniese hindernisse, wat beteken dat dit gratis hergebruik kan word;

verwys **"oop data (OD)"** na data wat gratis, onbeperk en aanlyn beskikbaar is sonder enige koste-implikasies wanneer toegang verkry word vir lees/besigtiging, hergebruik of herverspreiding;

verwys **"oop wetenskap"** na pogings om navorsingsuitsette in digitale formaat meer toeganklik te maak vir die wetenskaplike gemeenskap, die besigheidsektor, of die samelewing in die algemeen;

verskaf **“ORCID”** ʼn unieke digitale identifiseerder aan navorsers en ondersteun dit geoutomatiseerde skakels tussen die outeur en die outeur se professionele aktiwiteite;

verwys **“gepubliseerde weergawe”** na die geformatteerde uitleg van ʼn navorsingspublikasie soos voorberei deur die uitgewer;

verwys **“navorsing”** na die ywerige en sistematiese ondersoek na ʼn onderwerp ten einde feite, teorieë, toepassings te ontdek of te hersien;

verwys **“navorsingsuitset”** na die eweknie-geëvalueerde gepubliseerde werk van outeurs, insluitende joernaalartikels, boeke, hoofstukke in boeke, konferensieverrigtinge, en verhandelings en proefskrifte deur meesters- en doktorale studente, en

is **“transformatiewe ooreenkomste”**, ook bekend as oorgangsooreenkomste of lees-en-publiseer-ooreenkomste, ooreenkomste waardeur uitgewers van tradisionele intekenjoernale na ʼn ooptoegangmodel beweeg.

## 2 Beleidsverklaring

2.1 Die NWU is daartoe verbind om die vrugte van sy navorsing en vakkundigheid so wyd moontlik te versprei deur ooptoegangpublikasie van navorsingsuitsette deur werknemers en studente te fasiliteer, om sodoende die Universiteit se navorsing meer toeganklik te maak en die sigbaarheid en impak van die navorsing te verhoog tot voordeel van outeurs sowel as die Universiteit.

2.2 Die Universiteit wil voldoen aan die beginsel en mandaat om navorsing wyd toeganklik te maak in ooreenstemming met die eise van oop wetenskap deur sy navorsingsuitset in ooptoegang institusionele bewaarplekke beskikbaar te stel.

2.3 Werknemers en studente is daarvoor verantwoordelik om toegang tot hul wetenskaplike navorsing uit te brei en om te verseker dat hul navorsingspublikasies so veel as moontlik mense bereik terwyl wetenskaplike standaarde van gehalte gehandhaaf word.

2.4 Die universiteit is ten gunste van oop toegang deur middel van die Groen Roete deur ʼn finaal aanvaarde weergawe van navorsingsmanuskripte vryelik op Boloka beskikbaar te stel.

2.5 Die Universiteit eerbiedig wetlike verbintenisse deur outeurs en hou by uitgewers se kopieregregulasies en die argiefvoorwaardes van navorsingsbefondsers.

2.6 Oop toegang-navorsingsuitsette word gepubliseer onder “Creative Commons”-vergunning sonder om outeurs se kopiereg van hul navorsingsuitsette te beïnvloed.

2.7 Die Universiteit ondersteun internasionale inisiatiewe om die huidige kopieregpraktyke van uitgewers en outeurs te beïnvloed ten einde die regte van die outeurs uit te brei.

2.8 Die verbetering van openbare toegang tot die NWU se navorsingsuitset – vir almal, van oraloor - is bedoel om die uitnemendheid daarvan uit te lig, om wetenskaplikes te lok, samewerking te bevorder, openbare betrokkenheid by navorsing te verbeter en die intellektuele, maatskaplike, kulturele en ekonomiese impak van navorsing te maksimeer.

2.9 Die NWU ondersteun die befondsing van ooptoegangpublikasie in geakkrediteerde joernale deur transformerende ooreenkomste en lidmaatskapooreenkomste met die uitgewers.

## 3 Omvang

3.1 Hierdie beleid is van toepassing op alle werknemers en studente van die NWU, selfs wanneer hulle mede-outeurs is saam met outeurs van ander instellings.

**3.2 Hierdie beleid geld nie vir -**

3.2.1 navorsingsuitsette wat gepubliseer is voordat die outeur by die NWU aangesluit het nie;

3.2.2 navorsingsuitsette deur ʼn outeur wat nie by die NWU geaffilieer is nie; en

3.2.3 die Universiteit se administratiewe rekords nie.

## 4 Beginsels

Die beginsels van die beleid is om -

4.1 meer samewerkende praktyke onder outeurs aan te moedig deur die deel en oop toeganklikheid van navorsingsuitsette;

4.2 te verseker dat alle vakkundige publikasies wat deur NWU-geaffilieerde outeurs geproduseer word, bewaar en versprei word om maksimum sigbaarheid en vindbaarheid van navorsing deur verskeie digitale platforms te bevorder;

4.3 te voldoen aan die groeiende ooptoegangsmandate en navorsingsdatavereistes wat deur befondsers en uitgewers opgelê word;

4.4 te verseker dat ŉ finale manuskripweergawe of digitale kopie van ŉ eweknie-geëvalueerde wetenskaplike publikasie op Boloka gelaai word indien kopiereg dit toelaat;

4.5 Oop Opvoedkundige Hulpbronne (OOH) te bevorder;

4.6 die aanbieding van NWU-ooptoegangjoernale met die Open Journal System (OJS)-platform te ondersteun

4.7 internasionale vakkundige kommunikasie en samewerkingskanale en die NWU se internasionale profiel uit te bou; en

4.8 globale sigbaarheid van institusionele navorsingsuitset te bevorder wat ŉ belangrike rol speel in die globale universiteitsrangordening.

## 5 Boloka, rolle en verantwoordelikhede en aanspreeklikheid

Om navorsingsigbaarheid te bevorder, is Boloka bedoel om die sigbaarheid, beskikbaarheid en impak van die navorsingsuitset van die NWU deur oop toegang te verhoog. Vir hierdie doel –

5.1 Word daar van ŉ outeur verwag om ŉ gepaste weergawe (finale manuskrip of finale weergawe van die artikel) aan Boloka voor te lê –

- deur ŉ toepaslike weergawe (finale manuskrip of gepubliseerde weergawe) aan die BID te e-pos om op Boloka gelaai te word;
- op enige alternatiewe wyse om te verseker dat die outeur se navorsingsuitset die BID bereik vir insluiting op Boloka, of
- deur gebruikmaking van die selfindieningskoppelvlak op Boloka.

5.2 Die indiening van ŉ toepaslike weergawe soos bedoel in paragraaf 5.1 word geag die toestaan deur die outeur van die betrokke groen of goue oop toegang-vergunning uit te maak, en indien ŉ outeur nie die vereiste vergunning wil toestaan nie, moet sodanige voorneme uitdruklik en skriftelik aan BID gekommunikeer word.

5.3 Die outeur is verantwoordelik vir die byhou van navorsingsprofiele en navorser-ID (ORCID).

5.4 Die Kantoor vir Gevorderde Grade is verantwoordelik vir die aanstuur van elektroniese kopieë van alle EPV’s vir insluiting in Boloka (met die uitsondering van geklassifiseerde EPV’s).

5.5 Die Kantoor vir Navorsingsondersteuning moet verseker dat finale lyste van alle navorsingsuitsette die BID bereik.

5.6 Die BID moet die navorsingsuitset aan die publiek beskikbaar stel op Boloka.

5.7 Die BID moet alle voorleggings assesseer om te verseker dat dit binne die bestek van die bewaarplek is, dat uitgewers se regulasies nagekom word, dat die toepaslike weergawe van die artikel geargiveer word, en dat verklaarde standaarde gehandhaaf word.

5.8 Die BID is verantwoordelik vir die bestuur van Boloka as ŉ diens om NWU-navorsingsuitsette in digitale formaat vir ewig vas te lê, te stoor, te indekseer, te bewaar en beskikbaar te stel.

5.9 Waar moontlik, moet outeurs befondsing vir artikelverwerkingskoste (AVK’s) in hul befondsingsvoorstelle insluit.

5.10 Die Adjunk-visekanselier: Navorsing en Innovasie (AVK: N&I) is verantwoordelik vir die oorkoepelende bestuur van hierdie beleid en kan spesifieke funksies delegeer en gepaardgaande pligte aan werknemers van die NWU toewys.

## 6 Geskilbeslegting

Die Kantoor van die AVK: N&I is verantwoordelik vir die vertolking van hierdie beleid, geskilbeslegting m.b.t. die vertolking en toepassing daarvan, en aanbeveling van veranderings van tyd tot tyd.

## 7 Beleidshersiening

Hierdie beleid moet elke vyf jaar hersien word.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2022\2P_2.13.1\Oop Toegang-Beleid.docm
6 Julie 2022

Verwysingsnommer: 2P_2.13.1